
# Werkwoord Meervoud

## Graad 3
## Afrikaans Huistaal


Kwartaal 4



Naam en van:

# Deeltekenwoorde

| | | | |
|---|---|---|---|
| breë | seël | vlieë | reël |
| seën | reën | spieël | moeë |
| leë | uitveër | treë | |



Spelreël:


Woorde met deeltekens kry dit op die tweede "e" in die woorde.



Vul die deeltekens op die woorde in.

1. God seen ons met reen.
2. Ek vee my fout uit met die uitveer.
3. Ek kyk in die spieel as ek my hare kam.
4. My mamma plak 'n seel op die koevert om dit te pos.
5. Daar is baie vliee by die koeie se stal.
6. Dit is belangrik om reels te volg.


# Kappiewoorde



Spelreël:
Die ^ kom net op klinkers/vokale in Afrikaans. 'n Kappie dui aan dat die klank lank en uitgerek moet wees.

| | | | |
|---|---|---|---|
| kêrel | lê | pêrels | êrens |
| sê | wêreld | brûe | rûe |
| hê | blêr | skêr | môre |

## Woorde soos ster en ver kry nie 'n kappie nie.



| | |
|---|---|
| ster | ver |

# Deelteken en kappiewoorde




Vul die Kappie op die regte woorde in.


1. Ek sny die prent uit met my sker.
2. Die skape bler kliphard in die veld.
3. Die meisie se kerel het vir haar mooi perels gekoop.
4. Ons le lekker onder die koelteboom.
5. Ek gaan more skool toe.

Gebruik die deelteken en kappie woorde om die sinne te voltooi.

| | | |
|---|---|---|
| voëls | skêr | vroeër |
| kêrel | vlieër | pêrels |



1. Jannie vlieg sy kleurvolle __________ in die wind.
2. Ons knip prentjies uit met 'n ________.
3. Die ____________ maak neste in die bome.
4. Pappa het vir mamma 'n string __________ gekoop.
5. Ons moet more oggend __________ opstaan vir skool
6. Die ___________ kuier graag by sy nooi.




# Oop en geslote lettergrepe


Verdeel die volgende woorde in lettergrepe deur strepies te trek.
Die eerste een is vir jou gedoen.

| opruiming | op/rui/ming |
|---|---|
| skoolhoof | |
| omgewing | |
| tweede | |
| Saterdag | |
| Duitsland | |
| kolomme | |
| geluister | |
| wonderlik | |

| | |
|---|---|
| hospitaal | |
| Zimbabwe | |
| rekenaar | |
| tweede | |
| stukkende | |
| artikel | |
| tussen | |
| oorkant | |
| agter | |



# Meervoude



**Spelreël:**

Wanneer 'n woord 'n kort klinker in die middel het, verdubbel die slotmedeklinker in die meervoud en kom -e by.

| | |
|---|---|
| pet | pette |
| vel | velle |
| kol | kolle |
| wip | wippe |
| mus | musse |
| das | dasse |

| | |
|---|---|
| pit | pitte |
| nar | narre |
| mes | messe |
| net | nette |
| vin | vinne |
| kat | katte |

**Spelreël:**

Ons las 'n -e aan die meeste woorde wanneer ons hulle meervoud wil vorm, maar party woorde kry in die meervoud 'n -s.


| | |
|---|---|
| piering | pierings |
| koning | konings |
| leeu | leeus |
| leuen | leuens |
| wurm | wurms |

| | |
|---|---|
| riet | riete |
| boek | boeke |
| manier | maniere |


| | |
|---|---|
| konyn | konyne |
| prent | prente |
| | |

# Meervoude


Kleur die regte antwoord in met 'n kleurpotlood.




| | |
|---|---|
| katte | kat |



| | |
|---|---|
| kolle | kol |



| | |
|---|---|
| das | dasse |



| | |
|---|---|
| leeus | leeu |

Skryf die meervoude van die volgende woorde.

| | Meervoud |
|---|---|
| boek | |
| piering | |
| vin | |
| pet | |
| koning | |
| manier | |

| | Meervoud |
|---|---|
| leuen | |
| riet | |
| nar | |
| pet | |
| vel | |
| wip | |

# Meervoude


# ae

| | |
|---|---|
| laag | lae |
| maag | mae |
| plaag | plae |
| vraag | vrae |
| kraag | krae |
| saag | sae |

| | |
|---|---|
| vlag | vlae |
| dag | dae |
| slag | slae |

Spelreëls:
Woorde met ae kry nie 'n deelteken nie.


Kleur die regte antwoord in.




| | |
|---|---|
| vlag | vlae |

Maandag

| | |
|---|---|
| dae | dag |



| | |
|---|---|
| saag | sae |




| | |
|---|---|
| krae | kraag |

# Verkleinwoorde

Spelreël:

- Party woorde wat op -ng eindig, verloor die -g in die verkleiningsvorm en kry -kie by.
- Tweelettergrepige woorde kry 'n -kie.



| | |
|---|---|
| doring | dorinkie |
| toring | torinkie |
| woning | woninkie |
| horing | horinkie |
| koning | koninkie |
| varing | varinkie |

Spelreël:

- Party woorde wat op -ng eindig, kry in die verkleiningsvorm -etjie.
- Eenlettergrepige woorde kry 'n -etjie.


| | |
|---|---|
| ding | dingetjie |
| ring | ringetjie |
| gang | gangetjie |
| tang | tangetjie |
| string | stringetjie |
| kring | kringetjie |

# Verkleinwoorde

| | |
|---|---|
| skoen | skoent jie |
| blaar | blaart jie |
| skool | skoolt jie |
| trui | truit jie |
| stoel | stoelt jie |
| broer | broert jie |
| swaai | swaait jie |
| trein | treint jie |
| seun | seunt jie |

Spelreël:


Baie woorde kry -t jie in die verkleiningsvorm




Spelreël:

Woorde wat op -t eindig, kry in die verkleiningsvorm altyd 'n - jie.

| | |
|---|---|
| straat | straat jie |
| maat | maat jie |
| kat | kat jie |
| mat | mat jie |
| prent | prent jie |
| voet | voet jie |
| slot | slot jie |
| poot | poot jie |
| ruit | ruit jie |







# Verkleinwoorde

| | |
|---|---|
| lag | laggie |
| bos | bossie |
| krap | krappie |
| hek | hekkie |
| brug | bruggie |
| vlag | vlaggie |
| bus | bussie |
| tak | takkie |
| kas | kassie |

**Spelreël:**

Wanneer 'n woord 'n kort klinker in die middel het, verdubbel die slotmedeklinker in die verkleiningsvorm en kom -ie by.






**Spelreël:**

Woorde wat op -m eindig, kry in die verkleiningsvorm altyd 'n -pie.

| | |
|---|---|
| duim | duimpie |
| rym | rympie |
| raam | raampie |
| room | roompie |
| droom | droompie |
| soom | soompie |
| naam | naampie |
| arm | armpie |
| boom | boompie |




# Meervoude en Verkleinwoorde

Skryf die woorde in hulle meervoudsvorm asook verkleiningsvorm.

| Woord | Meervoud | Verkleining |
|---|---|---|
| koning | | |
| prent | | |
| vis | | |
| skoen | | |
| ring | | |
| tak | | |
| wurm | | |
| kol | | |

Verdeel die woorde in oop en geslote lettergrepe.

| | |
|---|---|
| dorinkie | |
| prente | |
| bobbe jaan | |
| hennet jie | |
| skilderye | |
| skoene | |
| horing | |



# Verkleining

Help die pikkewyne om die verkleiningsvorm van die volgende woorde te skryf.




**-ie**

bos, tak, kas, krap, vlag, hek

**-etjie**

gang, tang, ring, string, kring, ding



**-tjie**

prent, voet, skoen, stoel, swaai, kat


**-kie**

woning, koning, varing, toring, doring, horing

# Voegwoorde

**Spelreël:**

'n Voegwoord verbind frases of sinne met mekaar




Gebruik die woorde op die dagboekmerkie om die sinne te verbind.

1. Hulle sal nie vandag skool toe gaan nie. Dit is Saterdag.

   ______________________________________

   ______________________________________

2. Dit reën. Fanie sal sy sambreel gebruik.

   ______________________________________

   ______________________________________

3. Ek wil graag 'n fiets koop. Ek het nie genoeg geld nie.

   ______________________________________

   ______________________________________

4. Anel is agt jaar oud. Karla is nege.

   ______________________________________

   ______________________________________

5. Ek het saam met my ouers gegaan. Ek het saam met my boetie gegaan.

   ______________________________________

   ______________________________________

6. Ons het na 'n baie lekker plek toe gegaan. Ek het dit nie geniet nie.

   ______________________________________

   ______________________________________

# Afleidings

on- -lik

## Voorvoegsels en agtervoegsels

Wanneer ons on- voor aan 'n woord byvoeg, beteken dit nie.
Ongelukkig beteken "nie gelukkig nie".
Wanneer ons -lik agter aan 'n woord bylas, beteken dit soos. Daarom beteken kinderlik "soos 'n kind".

Vul die antwoorde op hierdie afleidings in.

| | |
|---|---|
| on + tevrede | |
| on + seker | |
| on + duidelik | |

| | |
|---|---|
| vriende + lik | |
| vrees + lik | |
| wonder + lik | |

her- -loos

## Voorvoegsels en agtervoegsels

Wanneer ons 'n woord met her- begin, beteken dit weer. Dus beteken herken "om weer te ken". Wanneer ons -loos agter aan 'n woord bylas, beteken dit sonder. Daarom beteken werkloos "sonder werk".

Bou die volgende afleidings.

| | |
|---|---|
| her + kou | |
| her + vorm | |
| her + sien | |

| | |
|---|---|
| vrees + loos | |
| doel + loos | |
| kleur + loos | |

# Afleidings

## on- -vol

### Voorvoegsels en agtervoegsels

Onthou jy nog wat on voor aan 'n woord beteken? Dit beteken nie. Wanneer ons -vol agter aan 'n woord bylas, beteken dit vol van.

Vul die antwoorde op hierdie afleidings in.


| | |
|---|---|
| on + rustig | |
| on + gesê | |
| on + telbaar | |


| | |
|---|---|
| kleur + vol | |
| hoop + vol | |
| gevoel + vol | |

# Teenwoordige tyd - Dit verwys na die hede.
# Verlede tyd - Dit verwys na tyd wat verby is.

| Teenwoordige tyd | Verlede tyd |
|---|---|
| sal | sou |
| is | was |
| moet | moes |
| eet | geëet |
| val | geval |
| voer | gevoer |
| voel | gevoel |
| kry | gekry |
| stry | gestry |
| rem | gerem |
| gee | gegee |
| gaan | gegaan |
| groei | gegroei |
| skop | geskop |
| staan | gestaan |
| weeg | geweeg |

| Teenwoordige tyd | Verlede tyd |
|---|---|
| wil | wou |
| kan | kon |
| het | gehad |
| word | geword |
| weet | geweet |
| bly | gebly |
| veg | geveg |
| sien | gesien |
| stop | gestop |
| slaap | geslaap |
| spat | gespat |
| skrop | geskrop |
| vee | gevee |
| swem | geswem |
| sit | gesit |
| maak | gemaak |









# Verlede tyd
# Teenwoordige tyd

Skryf die woorde in die sonne wat in die verlede tyd is by die woorde in die teenwoordige tyd in die tabel.

| | |
|---|---|
| vlieg | |
| praat | |
| is | |
| spat | |
| eet | |
| het | |
| val | |
| kry | |
| koop | |

was

gepraat

gekry

gespat

geëet

gevlieg

geval

gekoop

wou

# Verlede tyd
# Teenwoordige tyd


Gebruik die werkwoorde om die volgende sinne te voltooi en skryf of die sin in die teenwoordige tyd of verlede tyd is.

| | | |
|---|---|---|
| geloop, loop, het | Jana loop elke dag skool toe. | teenwoordige tyd |
| | Verlede week _____ Jaco dorp toe ________. | |

| | | |
|---|---|---|
| het, gesing, sing | Ben _____ in die koor ________. | |
| | Klara ______ in die koor. | |

Onderstreep al die woorde wat in die verlede tyd is met groen.

Ben het 'n nuwe fiets gehad,
hy het dit ongelukkig geleen vir sy maat.
Die fiets is toe gesteel.
Ben sit nou met 'n groot knop in sy keel.
Hy gaan nie weer vinnig 'n fiets deel.
Dit was die mooiste fiets,
sy pa gaan hom definitief piets.



# Werkwoord

'n Werkwoord is 'n "doenwoord".

Onderstreep die werkwoord in elke sin met 'n kleurpotlood.

1. Die padda eet 'n vlieg.
2. My boetie speel met 'n bal.
3. Die bruin hond kou 'n been.
4. My maat Jannie sit langs my in die klas.
5. Die man bestuur die bus.
6. Klara dra 'n mooi rokkie.



Voltooi die sinne deur die werkwoorde in te vul:

1. Ben ________ die bal baie ver.
2. Die man __________ oor die pad.
3. Liezl _________ graag na stories.
4. My pa gaan ________ elke middag 10km.
5. Mamma ________ lekker vir pappa se grappie.
6. Jana ________ vreeslik baie.

lag

draf

loop

luister

skop


lag

# Byvoeglike naamwoord


'n Byvoeglike naamwoord vertel ons meer van die selfstandige naamwoord.
Byvoorbeeld: My pa ry 'n <u>rooi</u> kar.

Vul die byvoeglike naamwoorde in die blokkiesraaisel in. Lees die leidrade,






- ou
- hartseer
- groot
- groen
- gawe
- slim
- heerlike



DWARS

2 Die ________ boom het rooi appels.
3 Die ______________ seun het sy tas verloor.
5 Die _______ man het grys hare.
6 Die ________ seun het sy kos met my gedeel.

AF


1 Ons eet _______________ kos.
2 Die ________ olifant weeg 6000kg
4 Die ________ meisie het 90% op haar rapport gekry.

# Selfstandige naamwoord

- **Selfstandige naamwoorde** is die name van mense, dinge en plekke.
- **'n Selfstandige naamwoord** is iets waaraan jy kan vat.

Kyk of jy die selfstandige naamwoorde in die sinne kan kry.
Omkring dit met 'n kleurpotlood.

1. Werner het 'n blou fiets vir sy verjaarsdag gekry.
2. Lenie het 'n bruin beertjie by die kompetisie gewen.
3. Klara het twee klein, swart honde.
4. Juffrou hou baie van sjokolade koek.
5. Die vriendelike tannie het vir my gewaai.



Lees die sinne hierbo en skryf al die byvoeglike naamwoorde neer.

| | | |
|---|---|---|
| | | |
| | | |

# Werkwoorde
# Byvoeglike naamwoorde
# Selfstandige naamwoorde

Kleur die appels op die volgende manier in:

- Kleur die werkwoorde met blou in.
- Kleur die byvoeglike naamwoorde met pers in.
- Kleur die selfstandige naamwoorde met groen in.


sing vinnige tafel lag

rooi lees mooi Ben

stadige peer oupa

Klara kwaai hond sonnig

# Hulpwerkwoorde



Hulpwerkwoorde is woorde wat help om tyd te vorm, bv. is, was, wil, wou, moet, mos, sal, sou, kan, kon.


Omkring die regte hulpwerkwoord.

1. Gister is/was die rivier se water yskoud.
2. Danie wil/wou môre sokker gaan speel.
3. Verlede week moet/moes Thandi kliniek toe gegaan het.
4. My hele gesin het in die winter griep gehet/gehad.
5. Ons sal/sou vir Mamma 'n koek gebak het, maar toe was die krag af.
6. Die kinders kan/kon beslis nie môre al hul karatetoets doen nie.
7. Gister het ons almal by die swembad roomys geeet/geëet.

# Rymwoorde

**Rymwoorde** se eindklanke klink dieselfde.

Kyk na die legkaart stukke op die volgende bladsy. Soek elk legkaart se stuk wat met hom rym. Knip die twee stukke uit en pla dit in die blok hieronder. Daar is solank vir jou 'n voorbeeld geplak.



weet

hou

muis

boet

geskreeu

sneeu

been

huis

een

woed

klou

vergeet

# Direkte rede

Die direkte rede is iemand se direkte woorde, bv.:

Hy vra: "Kan ek jou help?"


Skryf die volgende sinne in die direkte rede. Onthou om aanhalingstekens te gebruik.




Johan het gevra: "__________

______________________________

____________________




Jana het geantwoord: "______

______________________________

____________________




Willem het gesê: "__________

______________________________

______________________________

# Voornaamwoorde

Gebruik die voornaamwoorde in die sirkels om die sinne te voltooi.

1. Hy het ______________ huiswerk gedoen.
2. Sy het ______________ boek skool toe geneem.
3. Hulle het ______________ aandete geëet.
4. Ek het ______________ middagete geëet.
5. Jy moet ______________ huiswerk doen.

haar

hulle

sy

jou

my

Wanneer iets aan meer as een mens behoort, sê ons dit is ons s'n, julle s'n of hulle s'n. Vul nou die regte woorde in die ruimtes in.

| | |
|---|---|
| Die seuns se boeke. | |
| Die meisies se penne. | |
| Ons motors. | |
| Die honde se kos. | |



'n Voornaamwoord staan in die plek van 'n naamwoord.

# Voornaamwoorde

Vul die korrekte voornaamwoord in die spasie in.
Kies uit die woorde in die raampies

1. Die motor behoort aan my pa. Dit is <u>syne</u>.
2. Dit is mevrou Piek se boeke. Dit is ___________.
3. Ek wil hierdie blomme vir julle gee. Dis nou ___________.
4. Al daardie balle behoort aan hulle. Dit is ___________.
5. Nee, hierdie rok behoort aan my. Dit is ___________.
6. Ek dink hierdie selfoon behoort aan jou. Dit is ___________.

myne


hare

syne

joune

julle s'n

hulle s'n



# Voorsetsels

tussen

onder

naby

oor


in


op

**Voorsetsels** is woorde wat die posisie van dinge aandui.

Gebruik die woorde in die blokkies om die sinne te voltooi.

1. Die katjies het ______________________ die kas weggekruip.
2. Die hondjie het ______________________ die tafel gesit.
3. Pam het ______________________ Anita en Jabu gesit.
4. Die olifant het ______________________ die heuwel geloop.
5. Die seun lê ______________________ die tafel.
6. Ons woon ______________________ die skool.





# Voorsetsels

Onderstreep die woorde wat sê hoe laat dinge gebeur.

| |
|---|
| Waar sal julle op Nuwe jaarsdag wees? |
| Ons gaan slaap om 8 nm. |
| Die skooldag eindig om 2 nm. |
| Haar ver jaarsdag is op 20 November. |
| Anna het om twaalfuur huis toe gegaan. |
| Gaan ons op Saterdae skool toe? |

Wanneer gebruik ons die voorsetsels om en op?

Ons gebruik:

**om** vir 'n sekere tydstip

**op** vir dae en datums

langs

tussen

oorkant


naby

onderaan

bo

Vul die voorsetsels in die blokkiesraaisel in. Tel die blokkies om jou te help.

| | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | |



# Homofone

Homofone klink dieselfde, maar word verskillend gespel en het verskillende betekenisse, bv.: Dit is 'n dat ek al feit fyt aan my vinger gehad het.








Onderstreep die regte woord in elke sin.

1. Olifante kan oor 'n steil/styl bult klim.
2. Die olifant sukkel om in die grond te grawe, want dit is baie hart/hard.
3. Ek wed/wet jou die olifantma gaan die kleintjie se stert vat.
4. Olifante het fier/vier maaltande.
5. Daar is ' n wond aan die matriarg se hak/haak.
6. Olifante verkeer in noot/nood omdat hulle deur jagters doodgemaak word.
7. Die olifant vlei/vly haar op die groen gras neer.
8. Ek dink juffrou se hare is in 'n mooi steil/styl gesny.
9. Hy hou baie van die bont/bond hond.
10. Die bal is hart/hard gepomp.
11. Ouma lei/ly aan suikersiekte.
12. Die gesin gaan 'n groter huis soek om te hier/huur.

# Samestellings

Wanneer ons twee woorde saam voeg om een woord te vorm noem ons dit 'n samestelling.


Skryf 'n naam by elke prentjie. Voeg dan die woorde saam om een woord te vorm.

| | | |
|---|---|---|
|  | +  | = |
|  | +  | = |
|  | +  | = |
|  | +   | = |
|  | +  | = |

# Trappe van vergelyking


Ons noem die verbuiging van byvoeglike naamwoorde "trappe van vergelyking".

| | | |
|---|---|---|
| lank | langer | langste |
| sterk | sterker | sterkste |
| groot | groter | grootste |
| klein | kleiner | kleinste |
| soet | soeter | soetste |
| kort | korter | kortste |
| lekker | lekkerder | lekkerste |
| sag | sagter | sagste |
| min | minder | minste |
| swaar | swaarder | swaarste |
| mooi | mooier | mooiste |
| slim | slimmer | slimste |




# Trappe van vergelyking


Voltooi die trappe van vergelyking.




| | | |
|---|---|---|
| | | kortste |




| | | |
|---|---|---|
| | langer | |




| | | |
|---|---|---|
| | | kleinste |



| | | |
|---|---|---|
| min | | |



| | | |
|---|---|---|
| groot | | |





| | | |
|---|---|---|
| | swaarder | |

Skryf die woorde in trappe van vergelyking.

| | -er | -ste |
|---|---|---|
| groot | | |
| mooi | | |
| sterk | | |
| sag | | |
| slim | | |

# Antonieme



Onthou jy nog wat 'n antoniem is? 'n Antoniem is 'n woord met die teenoorgestelde betekenis as 'n ander woord.


| | |
|---|---|
| naby | ver |
| koop | verkoop |
| breed | smal |
| bly | hartseer |
| skoon | vuil |
| groot | klein |
| vol | leeg |

| | |
|---|---|
| dag | nag |
| oop | toe |
| wit | swart |
| regop | onderstebo |
| voorkant | agterkant |
| bo-op | onder |
| binne | buite |

# Sinonieme


Onthou jy nog wat ' n sinoniem is? Dit is ' n woord wat dieselfde betekenis as ' n ander woord het.

| | |
|---|---|
| lekker | heerlik |
| pragtig | mooi |
| spyt | jammer |
| present | geskenk |




# Antonieme en Sinonieme


Voltooi die antonieme.




| | |
|---|---|
| groot | |




| | |
|---|---|
| | vuil |




| | |
|---|---|
| | |



| | |
|---|---|
| | |



| | |
|---|---|
| | |




| | |
|---|---|
| | |

Voltooi die sinonieme.

| | |
|---|---|
| lekker | |
| pragtig | |
| spyt | |
| present | |

# f en v- woorde




## f-woorde

| | | |
|---|---|---|
| straf | weef | vryf |
| dief | af | self |

## v-woorde

| | | |
|---|---|---|
| vrugte | vra | vryf |
| val | vaak | |




Onderstreep die woord met die regte spelling.

1. Ek vryf / fryf my hond as ek by die huis kom.
2. My pa strav / straf my as ek ongehoorsaam is.
3. Appels is my gunsteling vrug / frug.
4. As ek te laat wakker bly is ek die volgende dag faak / vaak.
5. Die dief / diev het ons kar gesteel.
6. 'n Mens gaan fal / val as jy nie kyk waar jy loop nie.
7. Ek het self / selv die skottelgoed gewas.

# f en v- woorde


Kyk na die onderstaande woorde met prentjies en besluit of dit met 'n f of 'n v geskryf moet word.




____is



____amilie



____ark



oli___ant



____oet




____rons



dol___yn




____uur



____leër

# Vergelykings



Voltooi hierdie vergelykings deur die korrekte diere se name in te vul.

Ons beskryf iets dikwels deur te sê dit is soos iets anders. As iemand groot skrik, sê ons byvoorbeeld: "Sy gesig was so wit soos 'n laken." Dit word 'n vergelyking genoem. Ons gebruik dikwels diere in vergelykings.

hond

So groot soos 'n ________________

So sterk soos 'n ________________

So besig soos 'n ________________

So stadig soos 'n ________________

So raserig soos 'n ________________

So mak soos 'n ________________

So slim soos 'n ________________

So trots soos 'n ________________

So slu soos 'n ________________

So vriendelik soos 'n ________________

Met 'n nek soos 'n ________________ s'n

So honger soos 'n ________________

So getrou soos 'n ________________

So stil soos 'n ________________

mier

olifant

lam


jakkals

bees

muis

pou

tier




skilpad

vink

kameelperd

uil

leeu



# Soorte sinne

Mina is besig om die verskillende tipe sinne te leer. Sy het die volgende sinne geleer:

1. Bevelsin: As jy 'n bevel gee - Word wakker!
   Skryf 'n punt aan die einde van die sin.
2. Uitroepsin: As jy iets uitroep - Die hondjie is weg!
   Skryf 'n uitroepteken aan die einde van die sin.
3. Vraagsin: As jy iets vra - Wat is die hondjie se naam?
   Skryf 'n vraagteken aan die einde van die sin.
4. Stelsin: As jy 'n stelling maak - Die hondjie slaap buite.
   Skryf 'n punt aan die einde van die sin.

Help vir Mina om te besluit watter tipe sin elkeen is. Skryf dan dit neer.

Ek hou van lekkers. → ______

Hou jy van lekkers? → ______

Elna sit weg jou boek. → ______

Eina, ek het my toon gestamp! → ______